PASIËNT INLIGTING PAMFLET

SKEDULERINGSTATUS:

S0

EMETROL (orale oplossing)

Sukrose

Fosforsuur 85 %

Bevat suiker (Sukrose 3,77 g/5 mL)

Lees die hele pamflet noukeurig deur omdat dit belangrike inligting vir jou bevat

- EMETROL is beskikbaar sonder 'n dokter se voorskrif, vir jou om 'n ligte siekte te behandel. Nietemin moet jy steeds EMETROL versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te kry.
- Hou hierdie pamflet. Jy moet dit dalk weer lees.
- Moenie EMETROL met enige ander persoon deel nie.
- Vra jou apteker as jy meer inligting of advies benodig.
- Jy moet 'n dokter gaan sien as jou simptome vererger of nie na 'n paar dae verbeter nie.

Wat is in die pamflet

1. Wat EMETROL is en waarvoor dit gebruik word.
2. Wat jy moet weet voordat jy EMETROL gebruik.
3. Hoe om EMETROL te neem.
4. Moontlike newe-effekte.
5. Hoe om EMETROL te stoor.
6. Inhoud van die pak en ander inligting.

1. Wat EMETROL is en waarvoor dit gebruik word

EMETROL word gebruik vir die simptomatiese verligting van naarheid geassosieer met versteuring van die spysverteringskanaal, bewegingsiekte en oggendsiekte in vroeë swangerskap.

2. Wat jy moet weet voordat jy EMETROL neem

Moenie EMETROL neem:

- As jy hipersensitief (allergies) is vir sukrose, fosforsuur of enige van die ander bestanddele van EMETROL (gelys in afdeling 6).
- As jy ly aan nier probleme.
- As jy ly aan diabetes.
- As jy ly aan 'n oorerflike toestand genaamd fruktose (vrugtesuiker) onverdraagsaamheid.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Spesiale sorg moet geneem word met EMETROL:

- As jy ly aan diabetes mellitus, omdat EMETROL sukrose bevat, wat 'n effek op jou bloedsuikervlakke kan hê.
- Indien naarheid aanhou of herhaal na EMETROL behandeling, aangesien dit 'n teken van 'n ernstige toestand kan wees.

Ander medisyne en EMETROL

Vertel altyd jou gesondheidsorgverskaffer as jy enige ander medisyne neem (dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in).

Indien jy medisyne gereeld neem, mag gelyktydige gebruik van die medisyne ongewenste interaksies veroorsaak. Raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffervir advies.

EMETROL met kos en drinkgoed en alkohol

Vloeistowwe moet nie onmiddellik voor of vir ten minste 15 minute na 'n dosis EMETROL geneem word nie, as gevolg van die verdunnende effek.

Swangerskap en borsvoeding en vrugbaarheid

As jy swanger is of borsvoed, dink jy kan moontlik swanger wees of indien jy van plan is om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat jy EMETROL neem.

Bestuur van ‘n motor en die gebruik van masjinerie

Dit is nie altyd moontlik om vas te stel op watter wyse EMETROL ’n invloed kan hê op die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt nie. Pasiënte moet die bogenoemde aktiwiteite vermy totdat hulle seker is hoe EMETROL hulle beïnvloed.

EMETROL bevat sukrose:

EMETROL bevat sukrose wat 'n uitwerking op die beheer van jou bloedsuiker kan hê as jy diabetes mellitus het.

As jy deur jou dokter in kennis gestel is dat jy 'n onverdraagsaamheid vir sommige suikers het, kontak jou dokter voordat jy EMETROL gebruik.

3 Hoe om EMETROL te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is deel met enige ander persoon nie.

Neem altyd EMETROL presies soos beskryf in hierdie pamflet of neem soos jou dokter of apteker of verpleegster jou beveel het. Vra jou dokter of apteker of verpleegster as jy nie seker is nie.

Die gewone dosis is:.

Volwassenes: Twee (2) tot vier (4) medisynemates (10 tot 20 mL) aanvanklik. Herhaal elke 15 minute totdat simptome bedaar. Moenie vyf (5) dosisse in een uur oorskry nie.

Kinders ouer as 3 jaar: Een (1) tot twee (2) medisynemates (5 tot 10 mL) aanvanklik. Herhaal elke 15 minute totdat simptome bedaar. Moenie vyf (5) dosisse in een uur oorskry nie.

Bewegingsiekte (motor, lug, ens.):

Volwassenes: Drie (3) tot ses (6) medisynemates (15 tot 30 mL). Herhaal elke 15 minute totdat nood bedaar. Moet nie vyf (5) dosisse in een uur oorskry nie.

Oggendsiekte: Drie (3) tot ses (6) medisynemates (15 tot 30 mL). Die dosis moet geneem word wanneer simptome ontstaan en elke drie uur herhaal word wanneer nodig.

Moenie verdun nie, aangesien hierdie medisyne die korrekte konsentrasie moet hê om behoorlik te werk.

Slegs vir orale gebruik.

As jy meer EMETROL neem as wat jy moet

In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Behandeling van oordosering is simptomaties en ondersteunend.

As jy vergeet om EMETROL te neem

Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie

4 Moontlike newe-effekte

EMETROL kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte soos gerapporteer vir EMETROL is ingesluit in hierdie pamflet nie. Indien jou algemene gesondheid vererger of as jy enige ongewensde effekte ervaar terwyl jy EMETROL neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer vir advies.

As jy enige newe-effekte ervaar wat nie in hierdie pamflet genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

Rapportering van newe-effekte

As jy newe-effekte kry, praat met jou dokter of apteker of verpleegster. Dit sluit enige moontlike newe-effekte in wat nie in hierdie pamflet gelys is nie. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en eReporting platform (who-umc.org) gevind op die SAHPRA webwerf. Daarbenewens kan newe-effekte ook aangemeld word by info@pharmacorp.co.za. Deur die rapportering van newe-effekte, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van EMETROL te verskaf.

5 Hoe om EMETROL te stoor

- Stoor alle medisyne buite bereik van kinders.
- Bêre teen of onder 25 °C, en uit direkte sonlig.
- Moenie in ‘n yskas bêre nie.
- Stoor in die oorspronklike verpakking / houer.
- Moenie in 'n badkamer stoor nie
- Moenie na die vervaldatum wat op die etiket / karton / bottel staan, gebruik nie.
- Gee alle ongebruikte medisyne aan jou apteker terug.

- Moet nie ontslae raak van ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels nie (bv. toilette).

6 Inhoud van die pak en ander inligting

Wat EMETROL bevat:

Die aktiewe stof is sukrose en fosforsuur.

Die ander bestanddele is FD & C Groen nr 3 (KI 42053, E 143), FD & C Geel nr 10 (KI 47005, E 104), gliserol (E 422), metielhidroksibensoaat 0,126 % *m/v* (preserveermiddel) (E 143), metielsalisielaat, pepermentolie (F1102) en kruisementolie (401410HR), gesuiwerde water.

Hoe EMETROL lyk en inhoud van die pak

'n Helder, deursigtige, geel-groen stroperige vloeistof, met 'n pepermentreuk verpak in amber generiese glasbottels van 100 mL en 200 mL.

Nie alle verpakkingsgroottes word noodwendig bemark nie.

Houer van Sertifikaat van Registrasie

PHARMACORP (PTY) LTD

29 Victoria Link

Route 21 Corporate Park

Irene, 0178

Pretoria

Hierdie pamflet is laas hersien in

26 September 2025

Registrasienommer

C/5.7.2/968

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting

(en die vertaalde Pasiëntinligtingsblad)

www.pharmacorp.co.za